

# PAARL-SKOOL

**NUUSBRIEF 1/2021**

# PAARL SCHOOL

**NEWSLETTER 1/2021**

FIDE ET AMORE

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

In Amerika en ander lande is daar ‘n plakkertjie in motors se truspieëltjies wat as volg lui: “Objects in the mirror are closer than they appear.” Dit is die beeld waaraan ek dink as die vorige jaar en ‘n half in my geestesoog verby flits. Dit voel so vêr, tog is die COVID-impak hier reg by ons – voor, agter, links en regs. Vrae wat by my opkom, is onder andere: *"Gaan die ekonomie herstel?" "Gaan die verlore akademiese tyd ingehaal kan word?" "Gaan die wêreld weer dieselfde wees?"*

Pessimiste sal sê: *“Nee nooit”*. Optimiste sal sê: *“Ja, defnitief”*. Realiste sal sê: *“Dit is nie in ons hande nie – maar alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met al jou mag!”* (Vry uit die Bybel aangehaal.)

Die laasgenoemde antwoord, is wat ons daagliks by Paarl-skool probeer uitlewe. As personeelspan in vennootskap met ons Beheerliggaam en alle ouers, poog ons om net die beste vir Paarl-skool se kinders te gee. Met ons oog na bo en ons hand in die Here se hand, beur ons voort om die leuse van Paarl-skool “Fide et Amore” uit te leef– Geloof en Liefde.

Baie dankie vir almal by Paarl-skool se harde werk, voorbidding en ywerige ondersteuning – ek waardeer dit opreg! Saam kan ons vorentoe gaan as ons besef dat ons nie uit eie krag dit kan doen nie - veral in hierdie COVID-storm.

Sy Genade is vir ons genoeg.

Groete
Stoffel Kruger

# Prefekte 2021

Paarl-skool se prefekte het hiérdie jaar 'n twee dae lange leierskapontwikkelingskursus by die skool bygewoon. Die twee dae was gevul met verrykende aktiwiteite en lesings wat die leerders uitgedaag het om hulself oop te stel vir persoonlike groei. Baie van hulle moes uit hul gemaksones beweeg, wat hul selfkennis en algemene idees oor leierskap uitgebrei het. Paarl-skool is baie opgewonde om hiérdie jaar die pad van ontwikkeling saam met die prefekte te loop. Elke leerder het ontsettend baie potensiaal en ons weet elkeen is gereed om hiérdie uitdaging as prefek vir die jaar aan te pak. Die volgende aanhaling het in hierdie twee dae uitgestaan:

*"Om jouself te ken is die begin van alle wysheid."* - Aristotle



# Hoofleiers

## EERSTE KWARTAAL



Shane Nanongkham



Storm van Heerden

## TWEEDE KWARTAAL



Adri de Waal




Margot Conradie

# Akademie

## Assesseringsakkommodasies

Die afgelope jaar het ongeveer 128 leerders (Graad 4 – 9) 2055 individuele toetsvraestelle geskryf. (189 in die eerste kwartaal en 1236 in die tweede kwartaal). 91 van hierdie leerders kry een of ander vorm van ondersteuning (leser, skrywer, aanmoediger, ekstra tyd, ens.) tydens formele assesserings. 32% van die toetsvraestelle is met ondersteuning van rekenaars en spesialis-sagteware afgelê, terwyl nog 32% van die toetsvraestelle deur individuele ondersteuning deur 'n persoon, afgelê is. 12% van die leerders het ondersteuning in groepsverband gekry. Sommige dae was daar tot 22 vrywilligers betrokke om leerders te ondersteun. Die honorarium hiervoor beloop ongeveer R18000 per kwartaal.
Paarl-skool bedank al ons AA-verskaffers vir hulle onbaatsugtige diens en bereidwilligheid om ons leerders te ondersteun.

*Dankie!*



# Sport Hoogtepunte

**Molemo Mphomela** was deel van die Phoenix rolstoelbasketbalspan wat deelgeneem het aan die Wes-Kaap Provinsiale Klubkampioenskappe. Ongelukkig was hulle span in die semi-finaal uitgeklop.







**Elanza Jordaan** het deelgeneem by die Toyota Nasionale Kampioenskappe vir Fisies Gestremdes. Sy het 'n goue medalje in die BC3 klas vir Boccia gewen.

**Chase Winshaw** in Gr. 6E was deel van 'n branderplankryterapie-studie vir kinders met gestremdhede. Hierdie sessies het plaasgevind in Surfer's Corner in Muizenberg as deel van die meestersgraadstudie van Roxy Davis. Die branderplankryer se kring moes bestaan uit vrywilligers (ouers en onderwysers ingesluit) wat 'n V-formasie in die oseaan vorm waarin Chase en sy afrigter kon navigeer. Wat 'n wonderlike geleentheid!



# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die leerders in die Voorskoolse Fase werk baie hard om by al die take wat die kurrukulum vereis uit te kom en ook nog tyd te maak vir speel. Speel is 'n kleuter se "werk" en baie belangrik vir globale ontwikkeling, maar ewe belangrik is die aanleer en baasraak van Wiskundige konsepte! So maak ons, ons kleuters gereed vir die dag wanneer hulle "grootskool" toe moet gaan!





## Grondslagfase

Sjoe, wat 'n semester was dit nie? Akademies is ons op dreef, ondanks al die onderbrekings. Ons het selfs daarin geslaag om pret te hê. Ons het op 7 Mei "Reach for a Dream's Slipper Day" gevier en die Graad 1 Engelse klas het verskillende kulture verken. Hulle het soos die kinders van regoor die wêreld aangetrek en mondelinge oor die verskillende kulture voorberei en aangebied.














## Intermediêre Fase

Die Intermediêre Fase kon spring en hulle lywe wikkel, terwyl hulle saam met Vicky deur Zumba-lesse gedans het. Hulle het hierdie sessies terdeë geniet en dit het al die leerders breed laat glimlag. Hulle was mal daaroor om aktief te wees in hierdie andersins onaktiewe jaar.


Die Intermediêre Fase wil Zumba Brackenfell bedank vir die vreugde wat hulle in kinderharte meegebring het. Musiek en beweging is goed vir die gees, liggaam en siel!

## Senior Fase

Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat as Pêrel van die week tydens die eerste twee kwartale van die jaar aangewys is! Wat ‘n besonderse goeie voorbeeld vir ons jonger leerders wat na ons senior leerders opkyk. Die waarde van verantwoordelikheid is baie belangrik in Paarl-skool en met groot entoesiasme het die Senior Fase-leerders tydens die tweede kwartaal ekstra hard daarna gestreef om dit te demonstreer en uit te leef. Dit was vir die personeel aangenaam om te sien hoe leerders deurlopend eienaarskap van hul werk neem en daarna streef om te verbeter en sukses te behaal. Die jaarlikse "**Geen Boelie"**-opleiding het ook hierdie kwartaal plaasgevind. Jaarliks word die leerders daaraan herinner dat geen boeliegedrag by Paarl-skool aanvaar word nie. Die Senior Fase-leerders werk hard en ontwikkel deurlopend, terwyl hulle elke oomblik van die akademie geniet. Ons is dankbaar dat ons nog ‘n helfte van ‘n jaar se seëninge saam met ons leerders kon deel.










## Junior Praktiese Fase

Die Junior Praktiese Fase-onderwysers is baie opgewonde oor hul nuwe projek. Hulle beplan 'n fantasie-speelarea waar die leerders hulself vrylik in 'n veilige omgewing kan uitdruk. Fantasiespel hou baie voordele in vir die ontwikkelende kind. Hierdie tipe spel verbeter hul begrip van die wêreld, dra by tot hul sosiale en emosionele ontwikkeling en stimuleer verbeeldingryke vermoëns. Die fantasie-speelarea gaan vyf verskillende 'kamers' hê: 'n kombuis, slaapkamer, hospitaal, winkel en 'n motorhuis. Die leerders kan self besluit waar hulle wil speel en hoe hulle hulself wil uitdruk.



Om te leer ken geen perke.

## Senior Praktiese Fase - Werksvoorbereiding





Die Werksvoorbereiding leerders werk hard in die groentetuin. Hulle lewer gereeld vars groente vir die koshuis. Elke leerder het ook al 'n stukkie spinasie quiche gekry en op die manier die produk van hulle harde werk geniet. WVB 5 het hul koffiewinkel benadering herontwerp aan die lig van die pandemie en hierdie jaar 'n virtuele koffiewinkel geloods. Bestellings is vooraf elektronies geneem en op die dag van die koffiewinkel kon reeds verpakte bestellings net afgehaal word. Die koffiewinkel spog ook met 'n nuwe naam: **Café Trainique**! Die eerste virtuele koffiewinkel was 'n reuse sukses.





